



VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10	
KW 2	Week 7	
ONDERWERP	Taalstrukture: Betekenisleer (Semantiek) Deel 2	
DOEL VAN LES	Die onderrig en vaslegging van Betekenisleer	
BRONNE	Papierbron	Digitale bronne
	Meer inligting oor Betekenisleer en ander taalstrukture is beskikbaar in die boekie <i>Graad 10 Afrikaans Huistaal: Telematiese Onderrigprojek 2019: Leesbegrip en Taalstrukture.</i>	Vind hieronder die skakels na videogrepe oor Betekenisleer: https://youtu.be/8bm96FSAmTY https://youtu.be/AvmTQerrNCM
INLEIDING	<ul style="list-style-type: none"> In vorige grade het julle geleer dat sommige woorde dieselfde en ander teenoorgestelde betekenis het. Woorde soos begin en einde is bv. teenoorgesteldes, terwyl woorde soos <u>toneelspeler</u> en <u>akteur</u> min of meer dieselfde beteken. Jy het ook in Morfologie (Woordvorming) geleer dat elke woord 'n <u>stam</u> (basisvorm) het. Die stam van leerder is bv. leer en -der is 'n agtervoegsel. In hierdie les oor Betekenisleer gaan ons weer na die stam van 'n woord verwys. 	
INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)	<p>1. In Betekenisleer moet jy die volgende begrippe ken:</p> <p>sinonieme, antonieme, paronieme, homonieme en homofone.</p> <ul style="list-style-type: none"> Sinonieme is woorde met min of meer dieselfde betekenis. Die woorde beteken nie heeltemal dieselfde nie. <ul style="list-style-type: none"> Voorbeelde: Sy sit en werk by haar lessenaar/skryftafel. Ons onderwyser inspireer/ motiveer ons om hard te werk. Ek sal my vriende tydens/gedurende die skoolvakansie besoek. Ek bewonder/admireer die beeldskone dame. Die seun was moeg/uitgeput nadat hy heeldag in die tuin gewerk het. Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis. Voorbeelde: Die letterkunde vraestel was maklik (moeilik). Johan weet nie waar hy moet begin (eindig) nie. Daar was min (baie) leerders om hul uitslae te kry. 	

- **Paronieme** is woorde waarvan die **stam** (basisvorm) **dieselfde** is, maar die **spelling** en **betekenis** verskil; die woorde word verskillend gespel en elke **woord** het 'n ander betekenis.
 - Voorbeelde: `n Groot **aantal** mense doen aansoek vir die pos. Tien is `n **getal**.
Die **kliënt** maak gebruik van sy prokureur se dienste. Die **klant** doen haar inkopies by die supermark. In die **verlede** het ons op die laaste dag Afrikaans geskryf. `n Jaar **gelede** sou ek dit nie kon droom nie.
- **Homonieme** is woorde wat dieselfde gespel (geskryf) en uitgespreek word, maar hul betekenis verskil.
 - Voorbeelde: Die matrikulante **leer** (aksie wat uitgevoer word) vir die eindeksamen. Die man klim op die **leer** (toestel met trappe). **Sy** (vroulike persoon) het `n baie mooi glimlag. Ek het `n pyn in my **sy** (deel van liggaam) en sal dokter toe moet gaan. Sy **vlei** (heuning om die mond smeer) hom sodat hy vir haar gunsies sal doen. Hy **vlei** (neerlê) hom op die bank neer.
- **Homofone** is woorde waarvan die **uitspraak** dieselfde is (dit klink dieselfde), maar die **spelling** en **betekenis** verskil.
 - Voorbeelde: Die Sani-pas is baie **steil**; jy sal moet loop! Haar hare is `n sekere **styl** gesny. In die eerste sin verwys “**steil**” na die pad wat opdraand is en in die tweede sin verwys “**styl**” na haar (haarstyl). Die poging sal **faal** (nie slaag nie). Die prent is baie “**vaal**” (die kleur). My **swaer** (familielid/suster se man) het my skoolfonds betaal. Die sak sement is baie **swaar** (gewig).

2. Leerwenke

- Die tabel hieronder sal jou help om die verskil tussen **homonieme** en **homofone** te onthou:

	Homonieme	Homofone
Spelling	Dieselfde (D)	Verskil (V)
Uitspraak	Dieselfde (D)	Dieselfde (D)
Betekenis	Verskil (V)	Verskil (V)

- Jy moet dus onthou:
 - By **homonieme** is die spelling dieselfde, uitspraak dieselfde en betekenis verskillend (**DDV**).
 - By **homofone** is die spelling verskillend, uitspraak dieselfde en betekenis is verskillend (**VDV**).

- Onthou ook dat jy voorbeelde van **sinonieme** kan leer om jou woordeskat te verbreed, maar die woord wat jy in die eksamen as 'n sinoniem gee, moet in daardie sin pas.
- **Sinonieme** is woorde met dieselfde (the same) betekenis = the letter "s" matches up.
- **Antonieme** is woorde met teenoorgestelde (opposite) betekenis = opposite starts with a vowel and **antonym** also starts with a vowel.

3. Hoe kan vrae oor Betekenisleer in 'n eksamen gestel word?

Sinonieme:

- "Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.
*Jy voel skielik (benoud).
Jacko het 90% (gekry)... en ek 5%.*

By hierdie soort vraag moet jy weet wat 'n sinoniem is en dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy een woord kan gee wat min of meer dieselfde as **benoud** en **gekry** beteken. (Antwoorde: **benoud** = bang/angstig/gestres en **gekry** = behaal/verwerf).

- Vervang die woord "Oraait" met 'n goeie Afrikaanse woord met dieselde betekenis:
Oraait ... ek's uitgevang. Jacko het 90% gekry ... en ek 5%. (Die antwoord is goed/reg).

Antonieme:

- GEE die ANTONIEM vir die woord tussen hakies:
Ek het lekker (koel) aangetrek en uitgegaan.

By hierdie soort vraag moet jy weet wat 'n antoniem is en dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy een woord kan gee wat die teenoorgestelde as "koel" beteken. (Die antwoord is **warm**).

- GEE die TEENOORGESTELDE betekenis (antoniem) van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer:
*In armer lande speel kinders meer as in Suid-Afrika. (Die antwoord is **ryker**).*

Paronieme:

- Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies:
Verskeie studies het al (**verwys/bewys**) dat dit moontlik is.

	<p>By hierdie soort vraag moet jy weet wat paronieme is, dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy die verskil tussen “verwys” en “bewys” ken en die regte keuse kan maak. (Die antwoord is bewys).</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kies die korrekte antwoord tussen hakies): <i>Zits se (klere/kleure) lyk gekreukel omdat hy so lank stilsit.</i> (Die antwoord is klere). <p>Homonieme en Homofone:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die <u>homoniem</u> van “was” in `n sin sodat die betekenis duidelik is. <i>Daar <u>was</u> chaos toe die winkels om 07:00 oopgemaak het.</i> • Gebruik die <u>homofoon</u> van die onderstreepte woord in `n verklarende sin. <i>My gunsteling kos is kerrie en <u>rys</u>.</i> <p>By hierdie vrae moet jy weet wat 'n homoniem / 'n homofoon is (Jy moet DDV en VDV onthou - die tabelletjie). Dan moet jy weet wat die woorde in die sinne beteken: wat beteken “was” en “rys”? Daarna moet jy jou eie sinne neerskryf waarin jy die homoniem/ homofoon van daardie woorde gebruik sodat die ander betekenis van die woord nou duidelik is. Onthou dat jy `n verklarende sin van jou eie moet neerskryf. (Die moontlike antwoorde is:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ek was my hande/ Die was van die kers het my gebrand / Ek haal heuning uit die was van die bye. • Plaas die gekniede deeg op `n warm plek sodat dit behoorlik kan reis. (uitstyg) <p>4. Hoe kan jy probleme in die eksamen voorkom?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sorg dat jy die begrippe ken sodat jy nie verward raak nie. • Maak seker dat jy jou antwoorde korrek spel.
AKTIWITEITE/ ASSESSERING	<p>Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.</p> <p>Aktiwiteit 1 Gee die sinonieme van die woorde tussen hakies.</p> <p>1.1 Hulle (moderne) huis is deur `n argitek ontwerp. 1.2 Die man het die saal (gedurende) die koorsang verlaat. 1.3 Ek kan nie in die (wanorde) werk nie. 1.4 Die (dronk) man was verantwoordelik vir die ongeluk. 1.5 Ma sê altyd ons moet nie so (lawaai) maak nie.</p>

Aktiwiteit 2

Gee die antoniem van die woord tussen hakies.

- 2.1 Wanneer sal die prys van die vrugte weer begin (styg)?
- 2.2 Ek hou nie van (gaar) groente nie.
- 2.3 (Praat) is ook `n antwoord.
- 2.4 Die onderwyser is (tydelik) by die skool aangestel.
- 2.5 Mense moet die natuur (vernietig).

Aktiwiteit 3

Gebruik die volgende antonieme om die sinne te voltooi:

peperduur ; meerderheid ; misbruik ; onvolledige ; yskoud

- 3.1 Johan het nie `n **volledige** nie, maar `n _____ opstel geskryf.
- 3.2 Die koeldrank by die snoepie was nie **vuurwarm** nie, maar _____ .
- 3.3 Ons was in die **minderheid** en moes maar berus by die _____ se mening.
- 3.4 Die geskenk wat ek vir my ma gekoop het, was nie **spotgoedkoop** nie, maar _____ .
- 3.5 As hoofprefek moet jy jou voorregte reg **gebruik**, endit nie _____ nie.

Aktiwiteit 4

Kies die korrekte paroniem wat in die volgende sinne sal pas:

- 4.1. Jy moet (getrou/vertrou) bly aan jou beginsels en drome.
- 4.2. Moenie dieselfde foute as jou vriend (ontgaan/begaan) nie.
- 4.3 My oupa is oud en baie (siekerig/sieklik).
- 4.4 Die onvolwasse jong man se optrede is (kinderlik/kinderagtig).
- 4.5 Dit is mooi om (kinderlik/kinderagtig) en nederig te wees.

Aktiwiteit 5

Gebruik die homoniem van die onderstreepte woorde in `n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

- 5.1 Die netbaloefening sal vanmiddag twee uur lank duur.
- 5.2 Ek ken haar al vandat ons in graad 1 is.
- 5.3 Jy moet asseblief die lig afskakel as jy die klaskamer verlaat.
- 5.4 Die graad 10's moet nou al hulle voorgekrewe begin leer.

Aktiwiteit 6

Kies die korrekte woord (Homofoon) uit dié tussen hakies.

- 6.1 Swart en wit is my gunsteling (kleure/klere).

	<p>6.2 Toe hy die vis geëet het, het hy `n (graad/graat) ingesluk.</p> <p>6.3 Die opgewonde seun gooi sy hoed in die (lug/lig)</p> <p>6.4 As ons in die Outeniqua-bergpas ry, is ons fone se (seine/syne) baie swak.</p> <p>6.5 Die jong man het die Amerikaanse (steil/styl) nagevolg.</p>
Memorandum van assesserings-aktiwiteite	<p>Aktiwiteit 1</p> <p>1.1 nuwerwetse</p> <p>1.2 tydens</p> <p>1.3 chaos</p> <p>1.4 besope</p> <p>1.5 geraas</p> <p>Aktiwiteit 2</p> <p>2.1 daal</p> <p>2.2 rou</p> <p>2.3 Stilbly</p> <p>2.4 permanent</p> <p>2.5 bewaar</p> <p>Aktiwiteit 3</p> <p>3.1 onvolledige</p> <p>3.2 yskoud</p> <p>3.3 meerderheid</p> <p>3.4 peperduur</p> <p>3.5 misbruik</p> <p>Aktiwiteit 4</p> <p>4.1 getrou</p> <p>4.2 begaan</p> <p>4.3 sieklik</p> <p>4.4 kinderagtig</p> <p>4.5 kinderlik</p> <p>Aktiwiteit 5</p> <p>5.1 Hierdie winkel se klere is <u>duur</u>. (prys)</p> <p>5.2 Haar elmboog het teen my <u>ken</u> gestamp. (liggaamsdeel)</p> <p>5.3 Die sak is so <u>lig</u>, ek sal dit sommer self dra. (gewig)</p> <p>5.4 Die stoel is met <u>leer</u> oorgetrek. (gelooid diervel) / My kous het `n leer. (haakplek) / Pasop dat jy nie van die leer afval nie. (klimtoestel)</p> <p>Aktiwiteit 6</p> <p>6.1 kleure</p> <p>6.2 graat</p> <p>6.3 lug</p> <p>6.4 seine</p> <p>6.5 styl</p>
Waardes	Toewyding en akkurate werk